



## Die Boodskapper

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** [www.ngkpierneef.co.za](http://www.ngkpierneef.co.za)

### Preekboodskappe

Hoe kry ek weekliks die preek en hoe bly ek op datum met gemeentelike aktiwiteite?

- Daar word weekliks 'n kort video van die preek op **Facebook** gesit. Gaan "like" gerus ons Facebookblad om ons daar te volg.
- **Die volgende is beskikbaar op die Whatsapp-goep:**
- Die volledige preek word per pdf sowel as 'n klankopname weekliks deurgegee.
- Die Boodskapper met die nuutste gemeente nuus EN met **weeklikse Bybelstudiestukkies** is ook beskikbaar as 'n pdf. Die besonderhede van die bankrekening is ook hierop beskikbaar om jou weeklikse dankoffer oor te betaal.
- Elke week neem Angelique voorsangliedere op met die nodige woorde sodat ons lekker lofprysing by die huis kan doen. Gebruik dit gerus op Sondagoggende voor die diens of wanneer julle huisgodsdien hou!

**Neem asb kennis:** Die WhatsApp-groep is adminbeheerd. Stuur asb jou naam en telefoonnommer aan 0768411568 as jy wil deel word, daar sal 'n "link" vir jou aangestuur word. Om by die groep aan te sluit, "click" net op die "link".

**Stuur asb die preke aan vir die persone wie jy weet nie toegang tot die internet het nie!**

### Verjaardae die week:

4/26	Mev	Janet	Jacobs	082-810 2347
4/28	Me	Adri	Kotze	082-660 7260
4/28	Mnr	André	Venter	082-589 4498
4/29	Me	Melani	Basson	
4/29	Mnr	Anton	Strydom	082-779 2227
4/30	Mej	Jeanré	Du Plessis	074-507 3996
4/30	Me	Jolandi	Van der Walt	
5/2	Mnr	Morne	Botha	084-479 3606
5/2	Dr	Elmarie	De La Rey	082-447 1607
5/2	Mev	Dina	Horn	074-814 9099

### Woensdag, 22 April was Aardedag

Te midde van wêreldwye inperkingsmaatreëls word Aardedag steeds op 22 April gevier. Die kwessie rondom die omgewingskrisis kan nie net vergeet in die agtergrond verdwyn nie. Ons samelewing word steeds besmet met ander kwessies soos ongeregtigheid, armoede, ongelykheid en natuurlik ook ekologiese krisisse.

Ons spandeer tans meer tyd as ooit van tevore by die huis. Hierdie is die ideale geleentheid om meer bewus te word oor wat ons daaglikse verbruik. Dit gee aan elkeen van ons die geleentheid om introspeksie te doen en werklik te evalueer wat ons nie net gebruik nie, maar ook vermors!

### Gebedsbediening

- **Bid** teen die verspreiding van die Covid-19 virus. **Bid** vir die mense wat dit onder lede het en waarmee dit nie goed gaan nie. **Bid** vir die gevolge van die verlengde "lock down" op besighede, kerke, gesinne, die ekonomie en die gesondheidstelsel. **Bid** ook vir die regering en president wat in hierdie tyd belangrike besluite moet neem. **Bid** dat hulle in afhandlikheid van God se leiding sal ootree. **Bid** dat ons as landsburgers sal saamstaan en mekaar ondersteun sodat ons die las op mekaar sal ligter maak. **Bid** vir elkeen vir wysheid, geduld en vrede. **Bid** vir ons gesondheidswerkers en die mense wie hulleself moet blootstel sodat die noodsaaklike dienste kan aangaan. **Bid** vir die mense wat werk aan teenmiddels en entstowwe wat die virus kan stuit. **Bid** vir die wat bedroef is oor geliefdes wat hulle in die tyd verloor het. **Bid** vir die wat hulle werk verloor het.
- **Bid asb** vir Mauritz Visagie (072-152 1224).
- **Bid asb** vir Natie du Plessis wat hierdie week in die hospitaal opgeneem is.
- **Bid** vir Lindie Le Roux wat Chemo kry. (012 333 8373).
- **Bid** vir ons ouers en kinders, waar die skoliere reeds met tuiswerk vir die nuwe kwartaal begin het.
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here op in hierdie tyd.

KAN ONS VIR JOU BID? Indien jy 'n behoefte het aan voorbeding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

### Gemeente Verjaardagweek (27 Sept- 4 Okt)

**Ons gemeente word 30 September 70 jaar oud!** Ons wil graag die week van die verjaardag 'n klomp lekker dinge saam doen om God se genade en liefde vir ons te vier. Om dit werklik 'n **gemeentefees** te maak, wil ons graag hoor **HOE julle** die verjaardag wil vier. Enige idees en voorstelle is welkom.

Daar is 'n hele week opsy gesit om as gemeente lekker saam te kuier. So laat julle gedagtes gaan rondom aktiwiteite/byeenkomste/optredes en saamkuier geleenthede in hierdie tyd. Ons hou Woensdagaand (30 Sept) 'n dankdiens en 4 Okt vier ons saam die nagmaal in die erediens. Verder kan die week gevul word met 'n gemeentekonsert, saam eet/braai/kuier, dalk 'n potjiekos kompetisie en optredes van gaskunstenaars (dalk ook 'n fondsinsameling?)...

**Ons het nou juis tyd om 'n bietjie te dink** oor hoe ons die gemeente se verjaardag wil vier. Kom ons sit ons koppe bymekaar en reël 'n lekker saamkuier-geleentheid (sommers ook om op te vang vir al die geleenthede wat ons saam met mekaar gemis het!). Daar sal in die komende weke gegee word om idees uit te ruil, maar indien jy solank 'n idee wil deurgee wat jy nie wil vergeet nie, sms ds Grobler (076 841 1568).

**Sien uit om van julle te hoor!**

**Inleiding:**

- Meet jou koolstofvoetspoor:
- Saam gaan julle dan julle eie Koolstofvoetspoor meet. Gebruik die volgende website (Dis 'n Britse website, so jy gaan dalk van die terme moet verduidelik. Werk ook met 'n Rand-Pond wisselkoers van R20/£1) <https://footprint.wwf.org.uk/#/>

**Gesels saam:**

- Wat sê die toets is jou koolstofvoetspoor? Waar gee jy die meeste koolstof af?
- Is jy verbaas of gee jy nie regtig om nie? Of het jy nog nie regtig daaroor gedink nie?



**Teks: Lees Psalm 8 (Die Boodskap)**

*2Here, ons Here, hoe groot is U nie; U word oor die hele aarde geprys! Alles wat U in die hemelruim gemaak het, vertel hoe groot U regtig is. Uit die blou lug klink simfonieklanke wat aan U lof bring. 3Deur swak en klein menses word u groot krag hier op aarde uitgebasaan, deur 'n baba wat geluidjies maak of 'n pap babatjie in 'n ma se arms. U groot krag laat almal wat met U probeer baklei gou-gou stil word. 4As ek opkyk na alles wat U in die hemelruim gemaak het, al die planete, die maan, melkwegstelsels en miljoene sterre, snak ek na my asem as ek sien hoe piepklein die mens regtig is. Hoekom gee U vir hom om? 5En tog, hoeveel gee U nie om vir hierdie piepklein mensie nie! Dink net: U sorg vir hom. Hy is vir U baie belangrik. 6U het hom so belangrik gemaak dat hy amper soos U is; U behandel hom soos 'n koning; U gee 'n baie hoë posisie aan hom. U wil hê dat die mens oral moet wys hoe groot U is. Hy is mos u verteenwoordiger. Hy regeer oor die hele aarde. 7U laat hom soos 'n groot leier oor u handewerk regeer. Hy moet vir alles sorg wat U gemaak het. 8-9Veral die diere is van hom afhanklik - die vee, wilde diere, voëls en visse. 10Here, ons Here, hoe groot is U nie; U word oor die hele aarde geprys!*

**Gesels oor die volgende:**

- Wat sien julle van God raak in die teksgedeelte?
- Wat sien julle van mense raak in die teksgedeelte?
- Wat sien julle van die aarde raak in die teksgedeelte?
- Dink gou weer terug aan ons koolstofvoetspoor – hoe dink julle voel God oor hoe ons met die aarde werk?



**Doen:**

- (Vir kinders en gesinne) Gebruik die A3 bladsy en koki's en skryf as groep vir God 'n belydenis ('n jammer-sê-gebed) oor hoe ons met die aarde werk.
- **Uitdaging:** Kom ons doen 'n belydenis deur 'n spekboom te plant. Vertel mekaar wat julle weet van 'n spekboom. Elkeen kan vandag 'n spekboomsteggie plant. Die uitdaging is dan om jou spekboomsteggie te laat wortel skiet en groei. Wanneer jou steggie dan begin groei, dan moet julle elkeen julle spekboompie op 'n plek gaan plant waar dit kan help om die koolstofvoetspoor in die omgewing kleiner te maak (langs 'n besige pad, naby 'n winkelsentrum, by jou skool, ens.)
  - *Onthou asb om steeds jul dankoffers van die week oor te betaal via Eft.*



**Bid vir mekaar:**

- Wat lê voor die week?
- Is daar iets waarna jy uitsien? Is daar iets waarna jy opsien?



## Advertensies



353, 30<sup>th</sup> Avenue o/o Pieterneef St  
Villieria, Pretoria 0186

René de Waal +27 83 324 4375  
Reception +27 83 291 0020

**Agapanthus Guest House**  
"Since 2009"

agapanthusbnb@gmail.com  
www.agapanthusguesthouse.co.za

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of [kantoor@ngkpierneef.co.za](mailto:kantoor@ngkpierneef.co.za)).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

## Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of [kantoor@ngkpierneef.co.za](mailto:kantoor@ngkpierneef.co.za)). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

## Gebed vir ander lande:

**Sirië:** "Moenie bid dat die oorlog stop nie, bid dat Sirië Christus sal vind" sê 'n Siriëse pastoor. "In my dorpie was daar geen kerke nie, nou is daar al 3". 'n Ander pastoor sê: "Aleppo is God se paradys, mense vind Jesus hier". Met die voortslepende oorlog, COVID-19 en die verwoesting, soek mense na antwoorde. 'n Kerk is besig om onder die Koerde te groei [www.tr.im/wb15](http://www.tr.im/wb15) (sekulêre bron) en wonderlike getuienisse ontstaan van Siriërs wat Jesus vind [www.tr.im/wb15A](http://www.tr.im/wb15A). Halleluja, geen plek is te moeilik vir God nie



THE PRIEST CARVES OUT SACRED SPACE AT HOME IN ORDER TO RECORD LITURGY FOR SUNDAY.



## Raak gerus betrokke!

Hier is die kontakbesonderhede van die persone wat jou kan help met jou vrae, of om deel te word by ons Gemeente-aktiwiteite.

**Pierneef-Groen: Groentetuin:** ds Poullet (076 841 1568) of Thea (082 561 8245) **Herwinning:** Steve: 072 137 4407

**Omgegroepe: Bybelstudie** (Woensdae om 9:30 in die konsistorie) **Bybelskool** (Woensdae om 18:30 in die konsistorie) **Kleingroep**

(Donderdae om 18:30)- ds Poullet (076 841 1568) **Huis/Hospitaalbesoek:** ds Poullet (076 841 1568)

**Belangegroep: Martmarias :** Natie (083 527 9613) **Boekeleen:** ds Poullet (076 841 1568)

**Vrouediens:** Sandra (061 930 6540), Esme (082 297 0654) of Zelde (072 397 9553)

**Erediensbediening: Musiekbediening:** Angelique (074 766 7049) **Blomme en Liturgieseruumte:** Yvonne (084 433 3921) **Multimedia:** Paul (084 632 4364)

**Jeugbediening:** Sandra (061 930 6540),

**Barmhartigheid en Sending: Louis Botha Kinderhuis:** Sandra (061 930 6540) **Dorkas se Kombuis:** Marlie (082 331 0591) **Motorwagte-uitreik:** Calla (082 455 2976)